



NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin: 16 Januarie 2022

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, Rek: 2870141125, Branch: 632005 Swift Code: ABSAZAJJ



PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word nie vanoggend regstreeks op
NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai nie.
Die opname van die boodskap sal wel om 10:00 op ons Facebookblad beskikbaar wees.

10:00: Pierre du Plessis
Teks: Markus 6:30-32 (2020)
Tema: Ritme

Liewe Gemeente

Hartlik welkom weer aan InVia wat vanoggend die erediens inrig en lei. Die afgelope week se kontemplatiewe gebedsweek saam met InVia was 'n geseënde geleentheid. Ek en Pierre du Plessis is dit eens dat die geleentheid verder deur die jaar uitgebou kan word. Ons sal al hoe meer van ons ou gebruike moet herevalueer. Ons week van gebed by Huis Luckhoff is een so 'n geleentheid waarvoor ons sal moet nadink. Hoe kan ons dit beter inrig? Is daar nog 'n behoefte aan so iets? Oor ons Gebedsimfonie by die onderskeie huise moet ons ook besin. Kan dit meer sinvol ingerig word? Hoe kan ons bv InVia se lidmate hierby betrek. Om net te sê ons moet hulle nooi, is die begin. Maar, waarheen nooi ons hulle? Spreek ons styl en inhoud hulle aan? Deurlopende vernuwing is goed! Die slagspreuk van die reformasie was, en is: ***Ecclesia semper reformanda est – Die kerk moet deurlopend vernuwe.*** Dit is eintlik maar Paulus se woord in Romeine 12:2maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Ons wil hierdie jaar saam met InVia 'n Lewensreël ontwikkel. 'n Lewensreël is 'n bepaalde ritme waarop 'n geloofsgemeenskap kollektief besluit, juis om geloofsverdieping te ervaar. Pierre skryf in sy preekopsomming: *“Om 'n ritme te leef is om jou lewe so in te rig dat die vrug in jou lewe kan groei. Soos om die plant teen die trellis op te lei, sodat dit in die lig van Christus kan lewe. Die trellis is gemaak vir jou, nie jy vir die trellis nie. Jesus het gesê dat die Sabbat, 'n ritme, gemaak is vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie. Wat is die ritmes en geloofsgewoontes wat sin maak vir jou, en vir ons as 'n gemeenskap van gelowiges.”*

Geloofsverdieping lê aan die hart van vernuwing.

Mag hierdie jaar 'n jaar van vernuwing en verdieping wees.

Groete

Johan van den Heever

Gebedsversoeke

Charlotte Janse van Rensburg - Herstel tuis na oog-operasie
Maggie en Andre Swart se nuwe baba-dogtertjie (Anne Marguerite) - NICU
Lenie Chapman se nuutste agterkleinkind (Isla Claire Huisamen) - NICU
(Magdel Oosthuizen se dogter, Simone se baba-dogtertjie)



16 Januarie 2022 Tweede Sondag ná Epifanie	Jes 62:1-5	God belooft verlossing vir sy bruid, Israel.
	Ps 36:5-10	Die Here se liefde en sorg is onbeskryflik heerlik.
	1 Kor 12:1-11	Die Gees gee 'n ryke verskeidenheid van gawes
	Joh 2:1-11	Jesus verander water in wyn by 'n bruilof.

Bydraes vir Januarie 2022

Dankoffers: R18 343
(Mikpunt: R54 000)

Erediensoffers: R 1 640
(Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir jou bydrae elke maand. Mag die Here jou ryklik seën.

Maranata Bybelstudie

Eerskomende Woensdag, 19 Januarie om 17:30, begin ons 'n nuwe Bybelstudiegroep met die naam Maranata. Ons sal by Freaanweg 15, Rondebosch die deure oophou om jou te ontvang. Indien jy daardie tyd van die middag reeds beskikbaar is om saam met ons deur die Woord te kom loop en vriende te maak, is jy baie welkom.

Kontak gerus vir Ina du Toit (074) 143 3325

Almal is welkom!

PROGRAM VIR DIE WEEK

DINSDAG

09:30 Lewende Woord

10:00 Erediens Huis Lückhoff

19:00 Aanbiddingsbediening

Kerkdeure:

Ons maak nou albei die kerkdeure oop op 'n Sondagoggend.
Jy is welkom om enige van die ingange te gebruik.

VERJAARDAG VIR WEEK

Peetie Swart

16 Januarie



RAILWAY MARKET

RAILWAY MARKET

2 Derry Road, Rondebosch

4 February 2022

16:00 - 19:30

 /RailwayVintageMarket

Food | Vinyl Records | Clothing

Baie Dankie

Ons wil graag vir Marisa Steenkamp en haar man Moegsien bedank vir die donasie van Kerrie Hoender en Rys wat ons verlede week verkoop het.

Die fondsinsameling het R1 230 ingebring.

Dankie ook aan elkeen wat ons ondersteun het.

BASAAR 2022

Ons hoop om hierdie jaar, weer BASAAR, te kan hou!!

Ons BASAAR datum is 2 April 2022.

Hou die datum oop.

Ons gaan sommer baie hulp nodig hê om van hierdie dag 'n sukses te maak.

Bring solank al jou Wit-Olifante en Gebruikte klere, sodat ons solank kan sorteer. Ons vra groot asseblief dat julle nie gebreekte of geskeurde items sal bring nie.

Enige donasies ten opsigte van die 2022 Basaar, kan in die kerkrekening gedeponeer word met verwysing:

BASAAR

Die bankbesonderhede verskyn voor op die Bulletin